## BOARD NOTICE 3 OF 2020

## NOTICE OF APPLICATION FOR THE DEFINING OF A PRODUCTION AREA VLOTTENBURG (WARD)

---

(In terms of Section 6 of the Wine of Origin Scheme published by Government Notice No. R.1434 of 29 June 1990)

---

Please take note that Vlottenburg Boerdery (Edms) Bpk applied to the Wine and Spirit Board to define Vlottenburg (Ward) as a production area to produce Wine of Origin.

**Definition of proposed ward boundary**

The proposed Vlottenburg Ward (Fig. 1) boundary starts on the Polkadraai Road where it crosses the Sanddrif River and then moves in a westerly direction along the Polkadraai Road to right against the Polkadraai Hills Ward just past Skilpadvlei. From there the boundary runs south- and then westwards along the existing outer boundary of the Polkadraai Hills Ward, to where it crosses the Vlaeberg River. From there the boundary follows the Vlaeberg River in a general southerly direction to where it joins the Eerste River. From there, upstream with the Eerste River in a north-easterly direction to where the Sanddrif River flows into the Eerste River right against the Vlottenburg farm. From there, in a general northerly direction up along the Sanddrif River to where it rejoins the starting point mentioned above.

**Geology**

The proposed ward consists of well weathered granite soils (N-Ck, coloured red in Fig. 2), with large parts of the soils of binary origin, with younger, sandy Table Mountain Sandstone material overlying the primary rocks (Qgg, coloured yellow in Fig. 2), often with ferricrete ('ouklip'/laterite concretions or banks) on the contact zone.

**Topography**

The proposed Vlottenburg Ward can be considered a natural unit with a generally convex hill landscape and abundant cooler southern slopes. It mostly drains southwards to the Eerste River (Fig. 1; Fig. 3).

The proposed boundaries can be viewed at www.sawis.co.za – "Certification – News and Information" or contact Jackie Cupido at 021-807 5704.

Anyone having any objection against this application is hereby notified to lodge their objections, with motivations, in writing with Olivia Poonah (olivia@wsb.org.za), The Secretary, Wine and Spirit Board, P O Box 2176, Dennesig, Stellenbosch, 7599 within 30 (thirty) days of publication of this notice.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## RAADSKENNISGEWING 3 VAN 2020

## KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR DIE OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED VLOTTENBURG (WYK)

---

(Ingevolge Artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewerments-kennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990)

---

Neem kennis dat Vlottenburg Boerdery (Edms) Bpk by die Wyn- en Spiritusraad aansoek gedoen het vir die afbakening van die produksiegebied Vlottenburg (Wyk) om Wyn van Oorsprong te produseer.

**Omskrywing van voorgestelde wyksgrens**

Die voorgestelde Vlottenburg Wyk (Fig. 1) se grens begin op die Polkadraaipad waar dit die Sanddrifrivier oorkruis en loop dan weswaarts saam met die Polkadraaipad tot teenaan die Polkadraai Heuwels Wyk net na Skilpadvlei. Vandaar loop die grens suid en dan weswaarts saam met die bestaande buitegrens van die Polkadraai Heuwels Wyk, tot waar dit die Vlaebergrivier oorkruis. Vandaar loop die grens saam met die Vlaebergrivier in ‘n algemeen suidelike rigting, tot waar dit by die Eersterivier aansluit. Vandaar, stroomop met die Eersterivier in ‘n noord-oostelike rigting tot waar die Sanddrifrivier in die Eersterivier teenaan die Vlottenburg plaas uitmond. Vandaar, in ‘n algemeen noordelike rigting op met die Sanddrifrivier tot waar dit by die beginpunt hierbo genoem, aansluit.

**Geologie**

Die voorgestelde wyk bestaan uit goedverweerde graniet (N-Ck, rooi gekleurd in Fig. 2) gronde, met groot gedeeltes van die gronde van binêre oorsprong, waar jonger, sanderige Tafelberg Sandsteen-materiaal die primêre gesteentes oorlê (Qgg, geel gekleurd in Fig. 2), dikwels met ferrikreet (ouklip-konkresies of -banke) op die kontaksone.

**Topografie**

Die voorgestelde Vlottenburg Wyk kan as ‘n natuurlike eenheid beskou word met ’n algemeen konvekse heuwel-landskap en volop koeler suidelike hange. Dit dreineer meestal suidwaarts na die Eersterivier (Fig. 1; Fig. 3).

Die voorgestelde grense is ter insae by www.sawis.co.za "Sertifisering – Nuus en inligting” of kontak Jackie Cupido by 021 807 5704.

Enigeen wie beswaar het teen die aansoek, moet sy/haar beswaar, met opgaaf van redes, skriftelik indien by Olivia Poonah (olivia@wsb.org.za), Die Sekretaris, Wyn- en Spiritusraad, Posbus 2176, Dennesig, Stellenbosch, 7599, binne 30 dae van publikasie van hierdie kennisgewing.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**